

**Drie gebede per dag!**

Psalm 55 is 'n gebed wat deur Dawid in groot nood gebid is. Hier hoor ons die ernstige versugtinge en gebede wat Dawid gebid het – drie maal per dag, in die oggend, middag en aand. Dit getuig van Dawid se absolute vertrouwe en afhanklikheid van God, nie net in tye van nood nie, maar elke dag.

Seker die seerste seer wat ons kan ondergaan, is as jy deur 'n vriend of vriendin of jou huweliksmaat of kinders in die rug gestee word, as die een wat jy regtig vertrou jou ernstig te na kom. Dan voel 'n mens of jou wêreld inmekaar tuimel. Dawid verwoord hierdie diepe hartseer in vers 14 tot 15. Hy vertel hoedat iemand saam met wie hy aanbid het, hom smaad aangedoen het.

Ons kan op prinse of mense nie vertrou nie (Ps. 146:2). Daarom dat Dawid hom in die gebed na God wend. Maak al jou kwellings en sorges en hartseer en vrese aan God bekend deur die gebed. Op God kan ons altyd vertrou. God bly getrou. God sal sy kind nooit in die steek laat nie. God sal sorg. Al sou my lewe nie verloop soos wat ek wil nie, kan en moet ek op God vertrou. Ons probleem is dat ons so maklik net horisontaal kyk en lewe. Ons sien dinge rondom ons raak, dinge wat ons daaglikse bestaan raak, die swaarkry, hartseer en vreugdes van elke dag. Nee, ons moet vertikaal opkyk, altyd na God. Ons moet nou tot eer van God in 'n gebroke wêreld lewe. Dit kan ons doen deur elke dag biddend, diep afhanklik voor God te lewe.

Die Psalmboek word tereg ook die gebedeboek vir alle tye genoem. Dit laat 'n mens aan die bekende Latynse spreekwoord dink: "Ora et labora" – "Bid en werk". 1 Tessalonisense 5:17 sê kort en kragtig: "Bid gedurig." In Lukas 18:1 val die klem op die volharding in die gebed. Hoe moet ons dan ons sorges aan God oorlaat as ons nogtans swaar en seer het? Ons doen dit in die gebed deur Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees. Dit is om al jou vertrouwe op God alleen te stel.

Bid daarom en lê jou diepste hartseer, probleme, seerkry en vreugdes voor God. God sal op sy tyd en op sy manier vir jou uitkoms gee.

*Sing: Psalm 71:1, 9, 14 (1936-beryming)*

*Ds Gerrit Kruger (Centurion)*